# Omgeegroepgids

NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Familie met 'n missie

## Matt. 5:13-16

Wat beteken dit om sout vir die aarde te wees? Of om lig vir die wêreld te wees? Kom ons begin met sout. Wat is dit presies? Sout is iets wat jy oor kos gooi om die smaak daarvan te verbeter – dit maak kos lekkerder. So as ons die sout is, verwys dit hoe ons die "smaak" van die lewe verbeter. Hoe ons die lewe rondom ons lekkerder maak of verbeter. En hoe doen mens dit? Deur *goeie werke*. As mens goeie werke in die wêreld doen, maak jy die lewe lekkerder – nie net vir jou nie, maar vir die mense rondom jou ook. Jy gee die lewe geur. Die lewe "smaak" net lekkerder. Maar om sout vir die wêreld te wees, beteken dit ook om anders te wees as die wêreld. Ons moet anders *optree* as die rondom ons. Ons moet anders *praat* as die rondom ons. Ons moet dit doen wat reg is in God se oë – dit doen wat opgeskryf is in die Bybel. Ons moet 'n lewe leef wat God se liefde aan ander bewys. Dan sal ons die sout vir die wêreld wees.



As ons dan draai na die volgende metafoor van lig moet ons eers vra: wat is dit? Lig is iets wat maak dat mens in die donkerte kan sien. Dit is iets wat donkerte laat verdwyn; iets wat die donkerte wegvat. So as God sê ons is die lig vir die wêreld, is ons dié wie die donkerte van die wêreld wegvat – dit wat seer is, dit wat verkeerd is, daar waar dit voel die liefde nie is nie. Deur ons goeie werke openbaar ons God se liefde in die donker wêreld wat gevul is met seer en pyn. Ons versprei Sy glorie en omgee en so verdwyn hierdie seer in die wêreld. So word God se heerlikheid versprei en word Sy warm, veilige omhels al hoe meer 'n gevoelde realiteit.



En hierdie heerlikheid van God waarvan ons ligdraers is, kom meer na vore as ons meer tyd met God spandeer. En ja dit is om gereeld te bid en Bybel te lees, maar dis ook meer as dit – dit is om met God te kuier. Dit is om by God te sit en net te gesels – te praat oor die lewe, te praat oor dag, te praat oor wat ook al jou hart begeer! En hoe meer ons so by God kuier, hoe meer wil ons soos Hy wees en hoe meer gaan ons ook soos Hom begin raak. Dit spoel dan oor in ons aksies en dade wat ons anders maak as die wêreld rondom ons. En so is ons nie net die lig wat God se heerlikheid uitstraal nie, maar die sout wat smaak gee aan die wêreld deur ons goeie dade en so ook genesing bring aan 'n wêreld wat donker voel.

- Wat sal jy die "donkerte" van die wêreld omskryf? M.a.w. wat is sal dit wees?
- Hoe kan jy ander wat in hierdie "donker" is help en so die sout en lig wees?
- Ons gebruik die breë term van "goeie werke" en om te doen wat reg is, maar wat sal dit behels? Prakties, hoe sal dit lyk?
- Reflekteer by jouself: is jou aksies 'n weerspieëling van "sout vir die aarde"?

## Gebed

Vra vir God dat ons sal streef om die sout en lig vir die wêreld te wees en 'n weerspieëling te wees van Sy liefde.

